By elke volkstelling bestaan daar 'n neiging by persone om hulle ouderdom verkeerd op te gee, en sover as hierdie neiging bepaal is tot 'n gewoonte om ronde syfers te verskaf (soos syfers eindigende op 0 of in mindermate op 8, 2 en 5), kan bedoelde onnoukeurighede grotendeels uit die weg geruim word deur 'n bevredigende vyf-jarige groepering en dan 'n herverdeling van die syfers vir elke groep volgens korrekte verhouding. Dieselfde neiging is opgemerk in geval van ouderdomme wat verklaar word in opgawe van sterfgevalle. Dit skyn dus dat dieselfde psigologiese verskynsel sy invloed laat geld wanneer aan persone gevra word om hulle eie ouderdom op te gee en ook wanneer hulle die ouderdom van oorlede persone moet opgee. Dit skyn dat hierdie onjuiste verklaringe in die algemeen toe te skrywe is aan onbekendheid met die juiste ouderdom. 'n Persoon kan sê dat sy ouderdom omtrent 50 of omtrent 60 is en hy gee dit dan op as 50 of 60 ; of hy kan sê dat sy ouderdom tussen 50 en 60 is en dit opgee as 55 ; of hy kan ook sê dat hy na 60 jaar toeloop of 'n bietjie oor 60 jaar oud is en dit dan miskien opgee 58 of 62.

Waar daar egter opsetlike onjuiste verklaringe gemaak word en die ouderdom in een periode te klein en in 'n ander periode te groot opgegee word, bestaan daar geen wiskundige formule om sulke onjuisthede uit die weg te ruim nie, tensy natuurlik die graad van afwyking bekend is. Die wens kan alleen uitgedruk word dat groter noukeurigheid sal ontstaan na mate dit meer bekend word dat die informasie nie uit ydele nuuskierigheid gevra word nie, maar dat daarvan gebruik gemaak word vir wetenskaplike berekeninge in die nasionale belang. Dis onbekend tot op watter graad opsetlike onjuiste verklaringe voorkom, maar reëlings word getref om by die volgende volkstelling 'n proef te neem om te sien in hoever bedoelde onjuisthede die berekeninge nadelig beïnvloed.

Uit 'n sorgvuldige ondersoek van die bevolkings- en sterfteopgawes skyn die beste metode te wees om die leeftye in vyfjarige groepe te verdeel, gebaseer op die met die eind-syfer 4–8 en 9–3 of anders 2–6 en 7–1. Daar skyn weinig verskil tussen die twee te bestaan; op sekere lewenstydperke skyn die een 'n bietjie beter te wees as die ander. Aangesien die groepering van 4–8, 9–3 by die berekening van Lewenstabel No. 1 toegepas is, is besluit om hierdie grondslag ook vir Lewenstabel No. 2 te neem.

Die gemiddelde bevolking en die sterfgevalle vir drie jaar 1925 tot 1927 is in vyfjarige groepe gerangskik vir die leeftydsgroepe 4 tot 8, 9 tot 13, 14 tot 18, ens., sover as 99 tot 103. Die waarde vir m_x, die sentrale sterfteverhouding (d.i. sterfgevalle gedeel deur bevolking) vir die sentrale ouderdom van elke groep vanaf 11 jaar tot 96, is verkry van die formule $u_{x+2} = .2w_x - .008\triangle^2 w_{x-5}$ waar u_{x+2} die bevolking of sterfgevalle op die leeftyd $(x+2)$ is, en w_x die som van vyf waardes van die bevolking of sterfgevalle vir leeftye x tot $(x+4)$ is. Die sterfteverhouding of die waarskynlikheid om in die loop van 'n jaar te sterwe, d.i. q_x, is bereken van die formule $q_x = \frac{2m_x}{2+m_x}$ vir elk geslag vir die ouderdomme 11, 16, 21 totop 96. Die tussenliggende waardes van die sterfteverhouding is verkry van funksies van Log (q_{x+1}) deur Oskulatoire Interpolasie deur middel van kurwes van die derde orde, wat dieselfde eerste differensiaal koëffisient gehad het by hulle punte van aanraking op die ouderdomme 16, 21, 26, ens.

Die formules was die volgende:—

$\delta u_1 = .2\triangle u_0 + .12\triangle^2 u_0 - .016\triangle^3 u_0$.
$\delta^2 u_1 = .04\triangle^2 u_0 - .016\triangle^3 u_0$.
$\delta^3 u_1 = .024\triangle^3 u_0$.

waar die simbool δ gebruik word vir jaarlikse en $\triangle$ vir vyfjaarlikse afwykinge.

Dit het 'n volledige tabel vir q_x van 16 tot 91 gegee.

By die samestelling van Lewenstabel No. 1 is sonder sukses verskillende metodes toegepas om die tabel vir die hoër leeftye te voltooi deur middel van 'n vierde konstant-verskil tussen vyf funksie-waardes van p_x en q_x, te wyte aan die feit dat na 'n seker ouderdom p_x 'n neiging getoon het om te styg. Tenslotte is die kurwe vir p_x getrek en grafies voltooi en is die funksies vir die hoër leeftye afgelees tot drie desimale. Dit gaan egter uit van die veronderstelling dat q_x nagenoeg gelyk sou staan met 1 voor die leeftyd van 110, waarvoor geen bewys bestaan nie. Dieselfde moeilikheid is ondervind met die samestelling van Lewenstabel No. 2. Na 'n uitgebreide ondersoek van die verskillende funksies is gevind dat

$\frac{\log p_{81}}{\log p_{76}}$ nagenoeg gelyk was aan $\sqrt[3]{\frac{\log p_{91}}{\log p_{76}}}$.

Dit was aangeneem dat $\frac{\log p_{x+1}}{\log p_x} = \left(\frac{\log p_{91}}{\log p_{76}}\right)^{1/5}$ vir elke waarde van x vanaf 91 en daarbo, en die tabel vir die hoër leeftye is op hierdie wyse opgemaak.

Dit is uiters moeilik om in 'n klein gemeenskap soos Suid-Afrika seker te wees of die weinige persone wat 'n hoë leeftyd bereik in die eerste plek hulle ouderdom juis opgee en in die twede plek of dit nie miskien 'n toevallige uitsondering op die reël uitmaak nie. Die laaste gedeelte van die tabel kan dus alleen beskou word as 'n redelike skatting. 'n Reëling is egter gemaak met die Ouderdomspensioene-kantoor om volle besonderhede te verkry van die gepensioneerdes, en wanneer daaromtrent vir enige jare gegewens voorhande is, sal 'n uitvoerige ondersoek van die opgawe gemaak kan word en sal dit miskien moontlik wees om 'n Lewenstabel vir persone oor 65 saam te stel. Aangesien die weens ouderdom Gepensioneerdes nagenoeg een-derde van die bevolking oor 65 uitmaak kan dit moontlik wees om hulle waarskynlikheidskurwe by die volgende Suidafrikaanse Lewenstabel te laat aansluit. In elk geval sal dit belangrike inligting oor die onderwerp verskaf.

'n Ondersoek van die ouderdomme van jong kinders is gemaak deur 'n vergelyking van die gegewens van geboortes en sterfgevalle met die opgawes van die 1926-Volkstelling bygewerk tot aan die end van Junie 1926. Die volgende tabel gee die resultate aan:—

AANTAL KINDERS IN LEWE OP 30 JUNIE 1926.

Ouderdom.	MANLIK.			VROULIK.		
	Geboortes min Sterfgevalle.	Bygewerkte Volkstelling.	Verskille.	Geboortes min Sterfgevalle.	Bygewerkte Volkstelling.	Verskille.
Onder een jaar..	21,757	21,067	690	20,548	20,062	486
1–2.....	19,993	20,319	– 326	19,070	19,171	– 101
2–3.....	19,814	19,725	89	18,851	19,079	228
3–4.....	19,178	20,035	– 857	18,606	19,493	– 887
4–5.....	19,757	20,472	– 715	19,014	19,707	– 693

By die Volkstelling van 1926 is die verklaringe omtrent die ouderdom van jong kinders baie verbeter in vergelyking met 1921 en die totale verskil in bostaande tabel bedra minder as 'n kwart van die verskil wat in 'n soortgelyke tabel betreffende die 1921-Volkstelling voorgekom het. Die verbeterde opgawe is toe te skrywe aan die versoek om behalwe die ouderdom, ook die datum van geboorte op te gee. Die netto verskil bedra omtrent 1 persent en is moeilik om te verklaar. Soos blyk uit die volkstrekopgawe kan dit nie daaraan toegeskrywe word nie. Dis moontlik dat sommige geboortes nie geregistreer is nie of daar kan miskien 'n neiging bestaan om die leeftyd van kinders van omtrent 5 jaar te klein op te gee. Hierdie aangeleentheid sal in verband met die opgawe van die 1931-Volkstelling ondersoek word.

Die aantal waarmee rekening gehou is op die leeftyd van presies 0 was die totaal van die geboortes vanaf die twede helfte van 1924 tot die end van die eerste helfte van 1927; die aantal waarmee rekening gehou is op die leeftyd van presies 1 was die totaal van die geboortes vanaf die twede helfte van 1923 tot die end van die eerste helfte van 1926, verminder met die totaal van die sterfgevalle onder die leeftyd van een jaar in die jare 1924 tot 1926; die aantal waarmee rekening gehou is op die leeftyd van presies twee jaar, was die totale van die geboortes vanaf die twede helfte van 1922 tot die eerste helfte van 1925, verminder met die totaal van die sterfgevalle onder eenjarige leeftyd in die jare 1923 tot 1925 en die totaal van die sterfgevalle op eenjarige leeftyd en onder tweejarige leeftyd in die jare 1924 tot 1926, en so ook vir die aantalle oud presies 3, 4 en 5 jaar.

Die sterfteverhoudinge bereken op die aantekeninge van geboortes en sterfgevalle is verkry deur die sterfgevalle in elke lewensjaar, 0 tot 1, 1 tot 2 ens., tot op 5 tot 6 in die jare 1925 tot 1927, te deel deur die aantalle lewende persone soos hierbo bereken.

Die volgende tabel gee die resultate:—

STERFTEVERHOUDINGE VAN KINDERS.

Ouderdom.	MANLIK.			VROULIK.		
	Aantal in Lewe.	Sterfgevalle.	Sterfteverhouding.	Aantal in Lewe.	Sterfgevalle.	Sterfteverhouding.
0.....	66,848	4,976	·0744375	63,240	3,969	·0627609
1.....	61,649	1,153	·0187027	58,593	1,077	·0183810
2.....	59,101	435	·0073603	56,625	436	·0076998
3.....	58,873	277	·0047050	56,542	234	·0041385
4.....	58,623	203	·0034628	56,481	194	·0034348
5.....	57,886	169	·0029195	55,333	131	·0023475

Die kolom q_x was toe voltooi vir die leeftye 0 tot 5, vir 11 en vir 16 en daarbo, en die res is bereken deur interpolasie deur middel van 'n Lagrange afwykingsformule van die vierde orde, en van die waardes vir die vyf jaar 4, 5, 11, 16 en 17 is daarby gebruik gemaak. Terwyl hierdie metode bevredigende resultate vir die manlike geslag opgelewer het, was dit nie die geval met die vroulike geslag nie, weens die feit dat die verhoudinge van drie tot vyf nie in dieselfde gelyke progressie bestaan nie as in die geval van die manlike geslag. Daarom is besluit om 'n afwykingsformule van die derde orde van Lagrange toe te pas vir die vier jaar 5, 11, 16 en 17 vir die vroulike geslag, wat 'n kurwe voortgebring het noukeurig ooreenkomende met die gegewens.

Die formule van Lagrange neem die volgende vorm aan:—

$$q_x = q_a \frac{(x-b)\ (x-c)\ \ldots\ (x-n)}{(a-b)\ (a-c)\ \ldots\ (a-n)} + q_b \frac{(x-a)\ (x-c)\ \ldots\ (x-n)}{(b-a)\ (b-c)\ \ldots\ (b-n)} + \ldots\ldots + q_n \frac{(x-a)\ (x-b)\ (x-c)\ \ldots}{(n-a)\ (n-b)\ (n-c)\ \ldots}$$

waarin vier grade van afwykinge geneem word: $q_a = q_4$, $q_b = q_5$, $q_c = q_{11}$ $q_d = q_{16}$ en $q_n = q_{17}$, en waarin drie grade van afwykinge geneem word: $q_a = q_5$, $q_b = q_{11}$, $q_c = q_{16}$ en $q_n = q_{17}$.

Die noukeurigheid waarmee die Lewenstabelle ooreenstem met die gegewens blyk uit die volgende tabel waarin die verwagte met die werklike sterfgevalle in verskillende leeftydsgroepe vergelyk word. Aangesien die berekeninge vir die leeftye 0 tot 5 direk van die vitale statistieke gemaak is, bestaan daar geen afwykinge in hulle gevalle nie.

VERGELYKING VAN WERKLIKE MET VERWAGTE STERFGEVALLE.

Leeftydsgroep.	MANLIK.			VROULIK.		
	Verwagte Sterfgevalle min Werklike Sterfgevalle.		Totale Afwyking.	Verwagte Sterfgevalle min Werklike Sterfgevalle.		Totale Afwyking.
	Positief.	Negatief.		Positief.	Negatief.	
0–3.....	—	—	—	—	—	—
4–8.....	8	—	+ 8	—	7	– 7
9–13.....	—	2	+ 6	—	—	– 7
14–18.....	8	—	+14	—	1	– 8
19–23.....	—	15	– 1	—	2	–10
24–28.....	2	—	+ 1	2	—	– 8
29–33.....	10	—	+11	—	1	– 9
34–38.....	—	11	—	—	2	–11
39–43.....	8	—	+ 8	—	2	–13
44–48.....	—	8	—	2	—	–11
49–53.....	7	—	+ 7	2	—	– 9
54–58.....	—	4	+ 3	—	8	–17
59–63.....	—	—	+ 3	11	—	– 6
64–68.....	—	3	—	—	15	–21
69–73.....	5	—	+ 5	13	—	– 8
74–78.....	—	10	– 5	—	16	–24
79–83.....	8	—	+ 3	13	—	–11
84–88.....	—	7	– 4	—	6	–17
89–93.....	3	—	– 1	4	—	–13
94–98.....	9	—	+ 8	12	—	– 1
99+.....	—	8	—	4	—	+ 3
	68	68	—	63	60	3

Die totale afwyking in die geval van die manlike geslag is nul en in die geval van die vroulike geslag drie. Die verskille is in geen geval groot nie sodat die tabelle as bevredigend kan beskou word. Dit is byna onmoontlik om 'n noukeuriger ooreenkoms met die gegewens te verkry.

Na die funksie q_x, d.i. die waarskynlikheid om te sterwe binne 'n jaar na bereiking van die ouderdom x, vir elke ouderdom van beide geslagte verkry is, word al die ander kolomme van die Lewenstabel daarop bereken. Vir algemene toeligting word hulle duidelik gemaak. Die funksie p_x, d.i. die waarskynlikheid om een jaar te lewe vanaf die ouderdom x, maak saam met q_x, 1 uit. Die kolom p_x word dus verkry deur elke hoeveelheid in die kolom q_x van 1 af te trek.

Die kolom l_x gee volgens die Lewenstabel die aantal oorlewendes aan op die juiste ouderdom x. Die eerste waarde van die tabel word die radiks genoem en vir die Suidafrikaanse Lewenstabel is die radiks 1,000,000 op die ouderdom 0. Die kolom word verkry deur 'n aanhoudende vermenigvuldiging met die waarde van p_x. Die kolom d_x, d.i. die aantal van die, wat die jaar intree, wat sterf in die loop van daardie jaar, is die verskille tussen elke paar hoeveelhede in die eerste kolom. Die kolom L_x verteenwoordig die aantal jare wat gelewe word in die lewensjaar x tot $(x+1)$, en is dus gelyk aan die gemiddelde bevolking tussen die leeftye x en $(x+1)$. Dit word veronderstel dat, uitgesonder die jaar 0 tot 1, die sterfgevalle wat in elke lewensjaar plaasvind, gelyklik oor die lewensjaar verdeel is. In die geval van die eerste lewensjaar vind in die eerste paar maande meer sterfgevalle plaas as later in die jaar.

In die drie jaar 1925 tot 1927 het 4,976 manlike en 3,969 vroulike kinders gesterwe onder die leeftyd van een jaar, en daaronder het 3,642 manlike en 2,858 vroulike kinders gesterwe binne ses maande na geboorte, d.i. respektiewelik 73.191318 persent en 72·008062 persent. Vir die samestelling van die L_x tabel kan dus aangeneem word dat uit elke miljoen manlike geboortes 54,481 en uit elke miljoen vroulike geboortes 45,192 sterf voor hulle die ouderdom van ses maande bereik het. Die eerste syfers in die kolom is dus respektiewelik 945,519 en 954,808 en die ander hoeveelhede is die middelpunte tussen elke twee opeenvolgende waardes van die funksie l_x.

Die kolom T_x verteenwoordig die bevolking van die Lewenstabel bo die leeftydstip x. Dit word verkry deur die aanhoudende summasie van L_x.

Die kolom e_x is die volledige leeftydsverwagting of die totale toekomstige leeftyd wat gemiddeld deur 'n persoon van die juiste ouderdom x sal deurleef word. Dit word verkry deur elke hoeveelheid in die kolom T_x deur die ooreenkomstige syfer in die kolom l_x te deel.

Vergelykende tabelle word gegee in verband met alle Suidafrikaanse Lewenstabelle en vir Nu-Seeland, Australië, Engeland en Wallis, en die Ierse Vrystaat, aantonende op seker leeftye: (*a*) die volledige leeftydsverwagting, (*b*) die sterfteverhouding of die aantal uit 1,000, wat 'n bepaalde leeftyd bereik, wat verwag word om te sterwe binne 'n jaar, (*c*) die aantal oorlewendes op 1,000,000 geboortes en (*d*) die waarskynlikheid om nog 10 jaar te lewe.

Dit val onmiddellik in die oog dat die verbetering in die Suidafrikaanse tabelle grootliks toe te skrywe is aan die merkbare daling in die sterfteverhoudinge van jong kinders, wat in die laaste jare opmerklik was. Die sterfteverhouding van kinders onder een jaar was 17·7 persent hoër in Lewenstabel No. 1 as in No. 2 en die werklike kindersterfteverhouding was in 1910 en 1911 38·4 persent hoër as in 1926 en 1927. Die sterfte van jong kinders in die tabel van Mnr. Kops is die enigste swak punt in 'n andersins uitstekende berekening. Dit skyn dat hy veronderstel het dat die sterfteverhoudinge in die eerste en twede half-jaar van die lewe gelyk was en dat hy sy werklike verhoudinge te drasties bygewerk het. Sy werklike sterfteverhouding vir manlike kinders by geboorte was 93·18 in vergelyking met 87·84 in Lewenstabel No. 1. Aangesien die sterfte 'n weinig hoër was in 1919 tot 1921 as in 1920 tot 1922, is sy ongewysigde verhouding beter vergelykbaar as sy gewysigde verhouding van 78·38. Die sterfteverhouding van jong kinders was in 1908 tot 1910 op Johannesburg waarskynlik hoër as vir Suid-Afrika as 'n geheel op daardie datum, sodat geen juiste vergelyking met die tabel van Dr. Maynard vir hierdie leeftydperk gemaak kan word nie. Die leeftydsverwagting op 20 het in die vyfjarige tydperk gestyg van 45·26 tot 46·27 in die geval van die manlike geslag en van 48·15 tot 49·34 in die geval van die vroulike geslag, terwyl gedurende dieselfde tydperk die leeftydsverwagting by geboorte met ruim twee jaar verhoog is.

By 'n vergelyking van die Suidafrikaanse Lewenstabel met ander lande blyk dat dit tussen die van Australië en die van Engeland en Wallis lê. By geboorte is die leeftydsverwagting omtrent twee jaar minder as die van Australië en twee jaar meer as die van Engeland en Wallis. Dit volg hierdie tussengeleë lyn tot ongeveer 60, wanneer die leeftydsverwagting 'n bietjie gunstiger is as in Australië en dit bly voortduur vir hoër ouderdomme. Nu-Seeland, wat waarskynlik die beste leeftydsverwagting in die wêreld besit, is by geboorte ongeveer vyf jaar gunstiger in die geval van die manlike geslag en vier jaar gunstiger in die geval van die vroulike geslag as Suid-Afrika.

Wanneer 'n dergelike vergelyking met ander lande gemaak word, moet in aanmerking geneem word dat die Europese bevolking van die Unie vergelyk word met die totale bevolking van Engeland en Wallis. Dit is waarskynlik dat die Suidafrikaanse Europese bevolking oor die algemeen op 'n hoër voet leef as die gemiddelde bevolking van Engeland en Wallis. Hierdie omstandigheid moet dus nie uit die oog verloor word nie.

Sterfteverhoudinge van vroue volgens huwelikstaat.—'n Proefberekening van q_x vir vroue volgens huwelikstaat is op dieselfde metodes gemaak as die waarop die Lewenstabel vir alle vroue bereken is' 'n Noukeurige ondersoek van die sentrale waardes het egter aan die lig gebring dat die gegewens op seker leeftye te gering was om vertroubare resultate op te lewer. Bevoorbeeld 'n vermeerdering van een sterfgeval per jaar op elke lewensjaar van ongetroude vroue tussen 64 en 68 sou die sterfteverhouding met 20 persent verhoog het. Die verhoudinge het dus nie altyd geleidelik met die leeftyd gestyg nie. 'n Tabel lopende oor 'n gedeelte van die berekende verhoudinge word hieronder gegee, maar selfs daardie informasie moet baie versigtig gebruik word. 'n Paar algemene konklusies skyn egter daaruit vasgestel te wees. Gedurende die tydperk waarin die meeste huwelike plaasvind, nl. op die leeftyd van vroue van 19 tot 28, is die sterfteverhouding vir getroude vroue aansienlik hoër as die vir ongetroudes. Die sterfteverhouding vir weduwees (waarby geskeie vroue ingesluit is) is hoër as die vir getroude vroue. Die weinig laer verhouding op die leeftyd van 46 en die oneweredige hoë verhouding op 51 (in die geval van weduwees) is waarskynlik toe te skrywe aan die geringe aantalle. Die min of meer plotselinge styging in die verhouding vir ongetroude vroue tussen 26 en 31 kan waarskynlik toegeskrywe word aan 'n neiging van ongetroude vroue in die laaste groep om hulle ouderdomme te klein op te gee. Daar bestaan egter geen beskikbare informasie hieromtrent nie. Dis nie raadsaam geag om die berekeninge bo die leeftyd van 76 voort te set nie; ewemin was dit die moeite werd om die tussengeleë waardes te interpoleer. Deur tienjarige in plaas van vyfjarige tydperke te neem, sou dit moontlik gewees het om gegradeerde tabelle te verkry, maar sulke tabelle sou hulle direkte betrekking tot Lewenstabel No. 2 verloor het. Onder hierdie omstandighede is besluit om die ondersoek nie verder in te stel nie, maar aangesien berekeninge van hierdie aard totnogtoe nooit gemaak is nie, word die gedeeltelike resultate van genoegsame belang geag om dit te publiseer.

SUIDAFRIKAANSE LEWENSTABEL No. 2.

VROULIKE STERFTE (1,000 q_x) VOLGENS HUWELIKSTAAT.

Ouderdom.	Nooit Getroud.	Getroud.	Wedustaat en. Geskei.	Totale Vroue.
21	2·4696	3·3822	—	2·7366
26	2·9553	3·5294	—	3·3884
31	4·4197	4·1020	*	4·1328
36	4·6001	4·9446	*	4·8967
41	*	5·7279	5·7789	5·5853
46	*	6·6516	6·1199	6·6165
51	*	9·0896	11·1379	9·3029
56	*	13·6134	13·9448	13·7380
61	*	18·4764	20·8081	18·7350
66	*	29·4120	35·2230	31·8075
71	*	43·3908	48·9821	46·9407
76	*	74·4429	80·4015	78·7101

* Oorspronklike gegewens te gering.

Waardes van Jaargelde en enkele en jaarlikse premies.—Waardes van 'n jaargeld van 1, (a_x), die bedraë om 1 te verseker by oorlyding, (A_x) en die jaarlikse betalinge om 1 te verseker by oorlyding (P_x) gebaseer op Lewenstabel No. 2, is vir beide geslagte vir elke lewensjaar bereken teen 4, 4½ en 5 persent. Die enigste vorige berekening van hierdie aard, wat gepubliseer is, is vervat in die sterfte-tabelle van die Suidafrikaanse Onderlinge Maatskappy waarvan hierbo melding gemaak is. In daardie publikasie is die waarde van 'n jaargeld van 1 (a_x) bereken vir elke lewens-jaar van 15 tot 96. Soos te verwag was is die syfers oor die algemeen iets laer as die wat bereken is op die Suidafrikaanse Tabel No. 2.

Die tabelle word in hulle geheel gepubliseer, maar dieselfde voorbehoud met betrekking tot die syfers vir hoë ouderdomme, vroeër vermeld in hierdie rapport, is ook van toepassing op hierdie berekeninge sowel as op die Lewenstabel self waarop hulle gegrond is

1. (*a*) SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE No. 2.—**1.** (*a*) SOUTH AFRICAN LIFE TABLES No. 2.

MANNE—MALES.

Age. Ouderdom (*x*)	l_x	d_x	Px	q_x	L_x	T_x	$\mathring{e}_x$	Ouderdom Age (*x*)
0	1,000,000	74,437	·9255625	·0744375	945,519	57,776,195	57·78	0
1	925,563	17,311	·9812973	·0187027	916,908	56,830,676	61·40	1
2	908,252	6,685	·9926397	·0073603	904,909	55,913,768	61·56	2
3	901,567	4,242	·9952950	·0047050	899,446	55,008,859	61·01	3
4	897,325	3,107	·9965372	·0034628	895,772	54,109,413	60·30	4
5	894,218	2,611	·9970805	·0029195	892,912	53,213,641	59·51	5
6	891,607	2,238	·9974902	·0025098	890,488	52,320,729	58·68	6
7	889,369	1,966	·9977898	·0022102	888,386	51,430,241	57·83	7
8	887,403	1,775	·9979996	·0020004	886,516	50,541,855	56·95	8
9	885,628	1,650	·9981364	·0018636	884,803	49,655,339	56·07	9
10	883,978	1,579	·9982137	·0017863	883,188	48,770,536	55·17	10
11	882,399	1,552	·9982417	·0017583	881,623	47,887,348	54·27	11
12	880,847	1,562	·9982271	·0017729	880,066	47,005,725	53·36	12
13	879,285	1,606	·9981732	·0018268	878,482	46,125,659	52·46	13
14	877,679	1,685	·9980803	·0019197	876,837	45,247,177	51·55	14
15	875,994	1,800	·9979448	·0020552	875,094	44,370,340	50·65	15
16	874,194	1,958	·9977603	·0022397	873,215	43,495,246	49·75	16
17	872,236	2,166	·9975166	·0024834	871,153	42,622,031	48·87	17
18	870,070	2,436	·9971999	·0028001	868,852	41,750,878	47·99	18
19	867,634	2,723	·9968619	·0031381	866,272	40,882,026	47·12	19
20	864,911	2,980	·9965551	·0034449	863,421	40,015,754	46·27	20
21	861,931	3,161	·9963324	·0036676	860,351	39,152,333	45·42	21
22	858,770	3,247	·9962195	·0037805	857,146	38,291,982	44·59	22
23	855,523	3,267	·9961814	·0038186	853,890	37,434,836	43·76	23
24	852,256	3,255	·9961807	·0038193	850,628	36,580,946	42·92	24
25	849,001	3,243	·9961799	·0038201	847,380	35,730,318	42·09	25
26	845,758	3,264	·9961412	·0038588	844,126	34,882,938	41·24	26
27	842,494	3,299	·9960840	·0039160	840,844	34,038,812	40·40	27
28	839,195	3,329	·9960335	·0039665	837,531	33,197,968	39·56	28
29	835,866	3,376	·9959605	·0040395	834,178	32,360,437	38·71	29
30	832,490	3,467	·9958356	·0041644	830,756	31,526,259	37·87	30
31	829,023	3,623	·9956296	·0043704	827,212	30,695,503	37·03	31
32	825,400	3,879	·9952999	·0047001	823,460	29,868,291	36·19	32
33	821,521	4,219	·9948650	·0051350	819,412	29,044,831	35·35	33
34	817,302	4,587	·9943871	·0056129	815,008	28,225,419	34·53	34
35	812,715	4,934	·9939295	·0060705	810,248	27,410,411	33·73	35
36	807,781	5,205	·9935563	·0064437	805,179	26,600,163	32·93	36
37	802,576	5,368	·9933121	·0066879	799,892	25,794,984	32·14	37
38	797,208	5,457	·9931551	·0068449	794,479	24,995,092	31·35	38
39	791,751	5,526	·9930200	·0069800	788,988	24,200,613	30·57	39
40	786,225	5,629	·9928411	·0071589	783,411	23,411,625	29·78	40
41	780,596	5,813	·9925525	·0074475	777,689	22,628,214	28·99	41
42	774,783	6,098	·9921290	·0078710	771,734	21,850,525	28·20	42
43	768,685	6,447	·9916132	·0083868	765,462	21,078,791	27·42	43
44	762,238	6,829	·9910407	·0089593	758,823	20,313,329	26·65	44
45	755,409	7,216	·9904476	·0095524	751,801	19,554,506	25·89	45
46	748,193	7,579	·9898705	·0101295	744,404	18,802,705	25·13	46
47	740,614	7,889	·9893482	·0106518	736,669	18,058,301	24·38	47
48	732,725	8,165	·9888565	·0111435	728,643	17,321,632	23·64	48
49	724,560	8,450	·9883378	·0116622	720,335	16,592,989	22·90	49
50	716,110	8,784	·9877336	·0122664	711,718	15,872,654	22·17	50
51	707,326	9,207	·9869837	·0130163	702,722	15,160,936	21·43	51
52	698,119	9,724	·9860715	·0139285	693,257	14,458,214	20·71	42
53	688,395	10,303	·9850330	·0149670	683,244	13,764,957	20·00	53
54	678,092	10,927	·9838860	·0161140	672,628	13,081,713	19·29	54
55	667,165	11,576	·9826486	·0173514	661,377	12,409,085	18·60	55
56	655,589	12,233	·9813398	·0186602	649,473	11,747,708	17·92	56
57	643,356	12,889	·9799657	·0200343	636,911	11,098,235	17·25	57
58	630,467	13,459	·9785096	·0214904	623,693	10,461,324	16·59	58
59	616,918	14,216	·9769564	·0230436	609,810	9,837,631	15·95	59
60	602,702	14,893	·9752900	·0247100	595,255	9,227,821	15·31	60
61	587,809	15,581	·9734934	·0265066	580,019	8,632,566	14·69	61
62	572,228	16,243	·9716144	·0283856	564,106	8,052,547	14·07	62
63	555,985	16,869	·9696589	·0303411	547,551	7,488,441	13·47	63
64	539,116	17,498	·9675429	·0324571	530,367	6,940,890	12·87	64
65	521,618	18,165	·9651765	·0348235	512,535	6,410,523	12·29	65
66	503,453	18,898	·9624630	·0375370	494,004	5,897,988	11·72	66
67	484,555	19,656	·9594345	·0405655	474,727	5,403,984	11·15	67
68	464,899	20,394	·9561319	·0438681	454,702	4,929,257	10·60	68
69	444,505	21,133	·9524581	·0475419	433,939	4,474,555	10·07	69

1. (*a*) SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE No. 2 (*vervolg*).—1. (*a*) SOUTH AFRICAN LIFE TABLES No. 2 (*continued*).

MANNE—MALES.

Ouderdom Age (x)	l_x	d_x	p_x	q_x	L_x	T_x	$\mathring{e}_x$	Ouderdom Age (x)
70	423,372	21,886	·9483057	·0516943	412,429	4,040,616	9·54	70
71	401,486	22,662	·9435540	·0564460	390,155	3,628,187	9·04	71
72	378,824	23,510	·9379394	·0620606	367,069	3,238,032	8·55	72
73	355,314	24,360	·9314420	·0685580	343,134	2,870,963	8·08	73
74	330,954	25,046	·9243227	·0756773	318,431	2,527,829	7·64	74
75	305,908	25,421	·9169000	·0831000	293,197	2,209,398	7·22	75
76	280,487	25,382	·9095090	·0904910	267,796	1,916,201	6·83	76
77	255,105	24,861	·9025461	·0974539	242,675	1,648,405	6·46	77
78	230,244	23,992	·8957973	·1042027	218,248	1,405,730	6·11	78
79	206,252	22,943	·8887640	·1112360	194,780	1,187,482	5·76	79
80	183,309	21,837	·8808752	·1191248	172,391	992,702	5·42	80
81	161,472	20,754	·8714728	·1285272	151,095	820,311	5·08	81
82	140,718	19,741	·8597096	·1402904	130,847	669,216	4·76	82
83	120,977	18,667	·8456982	·1543018	111,644	538,369	4·45	83
84	102,310	17,365	·8302673	·1697327	93,627	426,725	4·17	84
85	84,945	15,759	·8144745	·1855255	77,066	333,098	3·92	85
86	69,186	13,862	·7996419	·2003581	62,255	256,032	3·70	86
87	55,324	11,839	·7860004	·2139996	49,404	193,777	3·50	87
88	43,485	9,877	·7728529	·2271471	38,547	144,373	3·32	88
89	33,608	8,055	·7603250	·2396750	29,580	105,826	3·15	89
90	25,553	6,425	·7485424	·2514576	22,341	76,246	2·98	90
91	19,128	5,019	·7376292	·2623708	16,618	53,905	2·82	91
92	14,109	3,955	·7197095	·2802905	12,132	37,287	2·64	92
93	10,154	3,038	·7008306	·2991694	8,635	25,155	2·48	93
94	7,116	2,270	·6809825	·3190175	5,981	16,520	2·32	94
95	4,846	1,647	·6601621	·3398379	4,022	10,539	2·17	95
96	3,199	1,157	·6383741	·3616259	2,621	6,517	2·04	96
97	2,042	785	·6156333	·3843667	1,649	3,896	1·91	97
98	1,257	513	·5919645	·4080355	1,001	2,247	1·79	98
99	744	322	·5674052	·4325948	583	1,246	1·67	99
100	422	193	·5420055	·4579945	325	663	1·57	100
101	229	111	·5158301	·4841699	174	338	1·48	101
102	118	60	·4889590	·5110410	88	164	1·38	102
103	58	31	·4614879	·5385121	42	76	1·30	103
104	27	15	·4335295	·5664705	20	34	1·22	104
105	12	7	·4052132	·5947868	8	14	1·14	105
106	5	3	·3766845	·6233155	4	6	1·03	106
107	2	1	·3481045	·6518955	1	2	·87	107
108	1	1	·3196479	·6803521	1	1	·50	108
109	—	—	·2915016	7084984	—	—	—	109

1. (*b*) SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE No. 2.—1. (*b*) SOUTH AFRICAN LIFE TABLES No. 2.

VROUE—FEMALES.

Ouderdom Age (x)	l_x	d_x	p_x	q_x	L_x	T_x	$\mathring{e}_x$	Ouderdom Age (x)
0	1,000,000	62,761	·9372391	·0627609	954,808	61,483,787	61·48	0
1	937,239	17,227	·9816190	·0183810	928,626	60,528,979	64·58	1
2	920,012	7,084	·9923002	·0076998	916,470	59,600,353	64·78	2
3	912,928	3,778	·9958615	·0041385	911,039	58,683,883	64·28	3
4	909,150	3,123	·9965652	·0034348	907,588	57,772,844	63·55	4
5	906,027	2,145	·9976325	·0023675	904,955	56,865,256	62·76	5
6	903,882	1,831	·9979742	·0020258	902,966	55,960,301	61·91	6
7	902,051	1,602	·9982238	·0017762	901,250	55,057,335	61·04	7
8	900,449	1,449	·9983913	·0016087	899,725	54,156,085	60·14	8
9	899,000	1,361	·9984864	·0015136	898,319	53,256,360	59·24	9
10	897,639	1,329	·9985191	·0014809	896,975	52,358,041	58·33	10
11	896,310	1,345	·9984991	·0015009	895,637	51,461,066	57·41	11
12	894,965	1,399	·9984363	·0015637	894,266	50,565,429	56·50	12
13	893,566	1,483	·9983405	·0016595	892,824	49,671,163	55·59	13
14	892,083	1,586	·9982216	·0017784	891,290	48,778,339	54·68	14
15	890,497	1,701	·9980894	·0019106	889,647	47,887,049	53·78	15
16	888,796	1,819	·9979537	·0020463	887,886	46,997,402	52·88	16
17	886,977	1,930	·9978244	·0021756	886,012	46,109,516	51·99	17
18	885,047	2,048	·9976863	·0023137	884,023	45,223,504	51·10	18
19	882,999	2,169	·9975438	·0024562	881,915	44,339,481	50·21	19
20	880,830	2,289	·9974014	·0025986	879,685	43,457,566	49·34	20
21	878,541	2,404	·9972634	·0027366	877,339	42,577,881	48·46	21
22	876,137	2,513	·9971320	·0028680	874,881	41,700,542	47·60	22
23	873,624	2,617	·9970043	·0029957	872,315	40,825,661	46·73	23
24	871,007	2,720	·9968771	·0031229	869,647	39,953,346	45·87	24
25	868,287	2,824	·9967472	·0032528	866,875	39,083,699	45·01	25
26	865,463	2,933	·9966116	·0033884	863,997	38,216,824	44·16	26
27	862,530	3,046	·9964690	·0035310	861,007	37,352,827	43·31	27
28	859,484	3,162	·9963215	·0036785	857,903	36,491,820	42·46	28
29	856,322	3,279	·9961708	·0038292	854,682	35,633,917	41·61	29
30	853,043	3,396	·9960188	·0039812	851,345	34,779,235	40·77	30
31	849,647	3,511	·9958672	·0041328	847,892	33,927,890	39·93	31
32	846,136	3,626	·9957145	·0042855	844,323	33,079,998	39·10	32
33	842,510	3,741	·9955595	·0044405	840,639	32,235,675	38·26	33
34	838,769	3,855	·9954044	·0045956	836,842	31,395,036	37·43	34
35	834,914	3,965	·9952516	·0047484	832,931	30,558,194	36·60	35
36	830,949	4,069	·9951033	·0048967	828,915	29,725,263	35·77	36
37	826,880	4,162	·9949662	·0050338	824,799	28,896,348	34·95	37
38	822,718	4,246	·9948386	·0051614	820,595	28,071,549	34·12	38
39	818,472	4,329	·9947109	·0052891	816,307	27,250,954	33·29	39
40	814,143	4,418	·9945729	·0054271	811,934	26,434,647	32·47	40
41	809,725	4,523	·9944147	·0055853	807,464	25,622,713	31·64	41
42	805,202	4,625	·9942564	·0057436	802,889	24,815,249	30·82	42
43	800,577	4,720	·9941048	·0058952	798,217	24,012,360	29·99	43
44	795,857	4,831	·9939293	·0060707	793,442	23,214,143	29·17	44
45	791,026	4,984	·9936992	·0063008	788,534	22,420,701	28·34	45
46	786,042	5,201	·9933835	·0066165	783,441	21,632,167	27·52	46
47	780,841	5,481	·9929810	·0070190	778,101	20,848,726	26·70	47
48	775,360	5,806	·9925113	·0074887	772,457	20,070,625	25·89	48
49	769,554	6,176	·9919743	·0080257	766,466	19,298,168	25·08	49
50	763,378	6,588	·9913697	·0086303	760,084	18,531,702	24·28	50
51	756,790	7,040	·9906971	·0093029	753,270	17,771,618	23·48	51
52	749,750	7,546	·9899348	·0100652	745,977	17,018,348	22·70	52
53	742,204	8,105	·9890804	·0109196	738,151	16,272,371	21·92	53
54	734,099	8,689	·9881632	·0118368	729,755	15,534,220	21·16	54
55	725,410	9,276	·9872133	·0127867	720,772	14,804,465	20·41	55
56	716,134	9,838	·9862620	·0137380	711,215	14,083,693	19·67	56
57	706,296	10,300	·9854162	·0145838	701,146	13,372,478	18·93	57
58	695,996	10,679	·9846565	·0153435	690,656	12,671,332	18·21	58
59	685,317	11,087	·9838228	·0161772	679,774	11,980,676	17·48	59
60	674,230	11,631	·9827498	·0172502	668,414	11,300,902	16·76	60
61	662,599	12,414	·9812650	·0187350	656,392	10,632,488	16·05	61
62	650,185	13,496	·9792426	·0207574	643,437	9,976,096	15·34	62
63	636,689	14,790	·9767708	·0232292	629,294	9,332,659	14·66	63
64	621,899	16,171	·9739966	·0260034	613,814	8,703,365	13·99	64
65	605,728	17,518	·9710792	·0289208	596,969	8,089,551	13·36	65
66	588,210	18,709	·9681925	·0318075	578,855	7,492,582	12·74	66
67	569,501	19,636	·9655199	·0344801	559,683	6,913,727	12·14	67
68	549,865	20,372	·9629516	·0370484	539,679	6,354,044	11·56	68
69	529,493	21,064	·9602181	·0397819	518,961	5,814,365	10·98	69

1. (*b*) SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE No. 2 (*vervolg*).—1. (*b*) SOUTH AFRICAN LIFE TABLES No. 2 (*continued*).

VROUE—FEMALES.

Ouderdom Age (x)	l_x	d_x	p_x	q_x	L_x	T_x	$\mathring{e}_x$	Ouderdom Age (x)
70	508,429	21,849	·9570274	·0429726	497,505	5,295,404	10·42	70
71	486,580	22,840	·9530593	·0469407	475,160	4,797,899	9·86	71
72	463,740	24,124	·9479800	·0520200	451,678	4,322,739	9·32	72
73	439,616	25,545	·9418924	·0581076	426,843	3,871,061	8·81	73
74	414,071	26,858	·9351358	·0648642	400,642	3,444,218	8·32	74
75	387,213	27,837	·9281106	·0718894	373,295	3,043,576	7·86	75
76	359,376	28,287	·9212899	·0787101	345,232	2,670,281	7·43	76
77	331,089	28,076	·9152018	·0847982	317,051	2,325,049	7·02	77
78	303,013	27,394	·9095958	·0904042	298,316	2,007,998	6·63	78
79	275,619	26,524	·9037643	·0962357	262,357	1,718,682	6·24	79
80	249,095	25,680	·8969073	·1030927	236,255	1,456,325	5·85	80
81	223,415	24,999	·8881062	·1118938	210,916	1,220,070	5·46	81
82	198,416	24,557	·8762352	·1237648	186,137	1,009,154	5·09	82
83	173,859	24,089	·8614460	·1385540	161,815	823,017	4·73	83
84	149,770	23,245	·8447948	·1552052	138,147	661,202	4·41	84
85	126,525	21,803	·8276749	·1723251	115,624	523,055	4·13	85
86	104,722	19,700	·8118838	·1881162	94,872	407,431	3·89	86
87	85,022	17,165	·7981078	·2018922	76,439	312,559	3·68	87
88	67,857	14,558	·7854557	·2145443	60,578	236,120	3·48	88
89	53,299	12,068	·7735812	·2264188	47,265	175,542	3·29	89
90	41,231	9,811	·7620529	·2379471	36,326	128,277	3·11	90
91	31,420	7,844	·7503612	·2496388	27,498	91,951	2·93	91
92	23,576	6,323	·7318087	·2681913	20,414	64,453	2·73	92
93	17,253	4,966	·7121587	·2878413	14,770	44,039	2·55	93
94	12,287	3,792	·6913940	·3086060	10,391	29,269	2·38	94
95	8,495	2,808	·6695055	·3304945	7,091	18,878	2·22	95
96	5,687	2,010	·6464944	·3535056	4,682	11,787	2·07	96
97	3,677	1,389	·6223739	·3776261	2,983	7,105	1·93	97
98	2,288	922	·5971705	·4028295	1,827	4,122	1·80	98
99	1,366	586	·5709267	·4290733	1,073	2,295	1·68	99
100	780	356	·5437021	·4562979	602	1,222	1·57	100
101	424	205	·5155751	·4844249	321	620	1·46	101
102	219	112	·4866444	·5133556	163	299	1·36	102
103	107	58	·4570307	·5429693	78	136	1·27	103
104	49	28	·4268765	·5731235	35	58	1·18	104
105	21	13	·3963464	·6036536	15	23	1·09	105
106	8	5	·3656271	·6343729	5	8	·97	106
107	3	2	·3349250	·6650750	2	3	·84	107
108	1	1	·3044642	·6955358	1	1	·50	108
109	—	—	·2744827	·7255173	—	—	—	109

2.—VERGELYKING VAN VERSKILLENDE SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE OP SEKER LEEFTYE.
2.—COMPARISON OF VARIOUS SOUTH AFRICAN LIFE TABLES AT CERTAIN AGES.

Ouderdom.	Manlik—Male.					Vroulik—Female.		
Age.	S.A. No. 2. 1925–27.	S.A. No. 1. 1920–22.	Mr. C. W. Kops. 1919–21.	Johannesburg. 1910.	S.A. Mutual. 1845–95.	S.A. No. 2. 1925–27.	S.A. No. 1. 1920–22.	Johannesburg. 1910.
	(*a*) VOLLEDIGE LEEFTYDSVERWAGTING ($\mathring{e}_x$).—COMPLETE EXPECTATION OF LIFE ($\mathring{e}_x$).							
0	57·78	55·61	53·85	50·33	—	61·48	59·18	55·07
1	61·40	59·94	57·38	56·47	—	64·58	62·88	60·86
2	61·56	60·26	58·33	57·35	—	64·78	63·20	61·39
